**Die besnydenis as teken van die Abrahamverbond**

**Gen 17:1-14, 23-27**

**1 Oktober 2023**

1. Vantevore: Ontwikkelings in Abrahamverbond: Abraham moet onberispelik voor die Here leef, Abraham is vader van menigte nasies, Abrahamverbond is 'n ewige verbond, die Here sal vir Abraham en sy nageslag 'n God wees, Abraham en Sara ontvang nuwe name, Abraham ontvang besnydenis as teken van die verbond
2. Die oorspronklike betekenis van die besnydenis in Gen 17:9-14
    a. Besnydenis is opdrag van die Here (v9-10)
    b. Besnydenis is wegsny van die voorhuid van manlike geslagsorgaan (v11)
    c. Besnydenis is teken van die Abrahamverbond (v11)
    d. Wie besny moet word: (1) Elke manlike persoon (2) pasgebore seuntjies op 8ste dag (3) kinders uit huishouding (4)mans gekoop met geld
        - Besnydenis was nie beperk tot fisiese nageslag van Abraham nie
        - Het geen betekenis van volwassewording by mans nie
    e. Betekenis van die besnydenis:
        - Dui lidmaatskap van verbondsgemeenskap aan
        - Dui noodsaak aan reiniging aan – "iets" moet weggesny word
        - Dui op koms van die Een uit die nageslag van vrou, wat "iets" sal wegsny
3. Ou Testamentiese perspektief op die betekenis van die besnydenis
    a. Volk moet die voorhuide van hulle harte besny (Deut 10:12-16), die Here sal hulle harte besny (Deut 30:4-6)
    b. Hartsbesnydenis dui op wedergeboorte en ook heiligmaking
4. Nuwe Testamentiese perspektief op die betekenis van die besnydenis
    a. Jesus is besny – Hy is die Een wat red ("iets" wegsny) (Luk 2:21)
    b. Gelowiges word in Christus besny (Kol 2:11)
        - "iets" = sondige bestaan = ongeregtigheid
        - Christus se kruisdood sny ons sondige bestaan weg
    c. Doop het in die plek van die besnydenis gekom (Kol 2:12)
        - Besnydenis = Christus neem sondige bestaan weg, doop = sterf/staan op saam met Christus, dus: beide besnydenis en doop wys na wegsny van sondige bestaan
        - Petrus besny nie gelowiges uit heidendom nie, maar doop hulle (Hand 10:44-48, 15:1, 9, 28-29)
        - Rede vir verandering in teken: Christus het gekom (vgl Gal 5:2)
    d. Besnydenis van die hart is essensieel, fisiese besnydenis nie
        - Hartsbesnydenis wat lei tot gehoorsaamheid is essensieel (Rom 2:25-29)
        - Abraham is geregverdig voor hy besny is (Rom 4:9-12)
        - Besnydenis = seël van die geregtigheid van die geloof (Rom 4:11)
            - Seël dat geregtigheid deur geloof verkry is – bv Abraham
            - Seël dat geregtigheid deur geloof verkry moet word – bv Isak wat later geglo het, of Ismael wat nie geglo het nie
    e. Werk van die Heilige Gees is ook essensieel om geregtigheid te verkry
        - Besny in Christus: sny sondeskuld weg. Besny in Heilige Gees – besny harte
        - Gelowiges verseël met Heilige Gees as waarborg (2 Kor 1:21-22, Ef 1:13)